

# Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: [kontak@nuwelied.info](mailto:kontak@nuwelied.info)  
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

## TORAH (WET) EN GENADE

### LES 3: ONDER DIE WET OF ONDER DIE GENADE

#### Inleiding

1. Vir eeue reeds is 'n wanbegrip van die betekenis van *die wet*, asook die betekenis van *nie onder die wet nie*, of soos algemeen na verwys word as *vry van die wet*, die oorsaak dat miljoene Christene ongehoorsaam is aan die wet van YHVH, naamlik Sy Torah (YHVH se onderrig en instruksies). Talle besef nie dat hulle ongehoorsaam is en dus sondig nie. Hulle volg in goedertrou hedendaagse geestelike leiers wat hulle leer dat hulle *vry van die wet* is sonder om self die Skrifte te ondersoek en op die Afgesonderde (Heilige) Gees te vertrou om hulle te leer en te lei.
2. Die oorgrote meerderheid van Christendenominasies leer hulle lidmate dat met die kruisdood van Messias het die tydperk van die wet tot 'n einde gekom (Rom. 10:4). Dit is die rede hoekom talle Christene sekere dele van Torah verontagsaam en dus sondig. Volgens Jak. 2:10 en 11 staan hulle egter skuldig aan oortreding van die hele wet (Torah).
3. Die doel van hierdie les is om duidelikheid te gee aangaande die betekenis van Paulus se verklaring dat die gelowige nie onder die wet is nie (vry van die wet), maar onder genade (Rom. 6:14).
4. Dit is noodsaaklik dat Les 1 en 2 van hierdie studie as die basis hiervoor gebruik moet word. Veral is dit belangrik om te verstaan dat wanneer daar in die Skrifte na *die wet* verwys word, dit na *Torah* verwys en dat dit nie net na die Tien Gebooie verwys nie, maar al YHVH se onderrig, instruksies (wette, instellings) en wysheid bevat en waarvan die basis die eerste vyf boeke van die Skrifte is.
5. Vir die doel van hierdie les is dit ook belangrik om te verstaan dat volgens die ou verbond word YHVH se onderrig, instruksies en wysheid, naamlik die Torah (die wet), altyd in 'n positiewe lig gesien as 'n noodsaaklikheid

tot 'n voorspoedige en geseënde lewe. Hierdie waarheid word ondermeer bevestig in Deuteronomium hoofstuk 28 waar ons in vers 1 lees:

*As jy dan goed luister na die stem van YHVH jou God om sorgvuldig te hou al sy gebooie wat ek jou vandag beveel, dan sal YHVH jou God jou die hoogste stel bo al die nasies van die aarde.*

En in vers 15:

*Maar as jy nie luister na die stem van YHVH jou God, om sorgvuldig te hou al sy gebooie en sy insettinge wat ek jou vandag beveel nie, dan sal al hierdie vloeke oor jou kom en jou inhaal.*

Gehoorsaamheid aan YHVH se Torah (die wet) bring dus seëninge en ongehoorsaamheid bring vloeke. Torah is die liefdevolle onderrig van ons Hemelse Vader. Vader-God onderrig Sy kinders hoe om 'n lewe van oorfloed in Yeshua deelagtig te wees.

6. Daarom is *Torah* goed, heilig en regverdig (Rom. 7:12). Min Christene deel hierdie siening, omrede gelowiges geleer is dat die wet 'n binding en 'n vloek is, waarvan Yeshua ons vry moes koop. Hierdie siening word gegrond op Gal. 3:13, naamlik: *Yeshua het ons losgekoop van die vloek van die wet.*
7. Daarom beskou baie min Christengelowiges die *Torah*, naamlik YHVH se onderrig en instruksies, as 'n lamp vir die voet en 'n lig op die pad (Ps. 119:105), maar eerder as 'n las waarvan ons bevry moes word. Alleenlik wanneer die rol van *Torah* in die ou en nuwe verbond verstaan word, sal die korrekte betekenis van *nie onder die wet nie* en *die vloek van die wet* duidelik word.
8. Indien Rom. 7:12 met Gal. 3:13 vergelyk word, lyk dit of hier 'n teenstrydigheid is. Hoe kan die wet (*Torah*) volgens Rom. 7:12 heilig, regverdig en goed wees, maar volgens Gal. 3:13 is dit 'n vloek? *Torah* is steeds goed, heilig en regverdig, want dit openbaar die aard en hoedanighede van YHVH Elohiem (God). Die vraag wat dus beantwoord moet word is: *Wat is die vloek van die wet waarvan ons losgekoop moes word?*
9. Om hierdie vraag te beantwoord moet ons eers duidelikheid oor die volgende kry:
  - Die doel van *Torah*.
  - Die betekenis van *onder die wet*.

## Die Doel van Torah

1. Volgens Joh.1:1 en 14 is dit duidelik dat Yeshua Messias die Woord van YHVH is. Die *Woord* is 'n algemene term wat verwys na die gesproke en geskrewe Woord van YHVH. Die geskrewe *Woord*, die Skrifte, bevat al die onderrig, instruksies en wysheid van YHVH. 'n Groot deel van hierdie Woord, naamlik die *Torah*, is die opdragte, die instellings en die verordeninge, naamlik die wette van YHVH. Torah bevat dus YHVH se wette, maar hierdie wette is al YHVH se onderrig en instruksies vir 'n geseënde en voorspoedige lewe. Dit is YHVH se *handleiding* van hoe om as geregverdigde te lewe en YHVH se seëninge deelagtig te wees.
2. In Joh. 1:3 is geskryf dat *Alle dinge het deur Hom (Yeshua) ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie*. Yeshua is die Woord van YHVH en dus die *Torah*. Alles het dus deur *Torah* ontstaan en alles word deur *Torah* onderhou (instand gehou). Lees ook Kol. 1:15 tot 17.
3. Die *Torah* het dus skeppingskrag, asook die vermoë om alles wat geskape is te onderhou. Die hele skepping is deur *Torah* tot stand gebring (voortgebring) en *Torah* is aan die mens gegee sodat hy daarvolgens kan lewe om homself, sowel as die gedeelte van YHVH se skepping waarvoor die mens verantwoordelik is, te kan onderhou. Daarom sal die mens wat volgens *Torah* leef, geseënd wees, naamlik welgeluksalig wees en lewe in oorfloed hê (Ps. 1: 1 tot 3;Joh. 10:10b).
4. Dit is juis die probleem! Die mens het weens die sondeval 'n inherente onvermoë om aan Torah gehoorsaam te wees. Almal staan skuldig aan oortreding van Torah. Die hele wêreld is doemwaardig (Rom. 3:19). Oortreding van Torah (die wet) is sonde (1 Joh. 3:4).
5. Hierdie probleem word deur die Apostel Jakobus bevestig, naamlik dat 'n persoon wat een deel van die wet (*Torah*) breek, skuldig is aan alles wat in Torah beveel word (Jak. 2:10 en 11). Die rede hiervoor is dat YHVH die gewer van *Torah* is, en vereis dat die mens in **alles** gehoorsaam sal wees. Deur een gebod te oortree, is om te sondig teen YHVH en dus teen *Torah* in geheel. Gedeeltelike gehoorsaamheid is ongehoorsaamheid en strafbaar.
6. Torah openbaar ook sonde. Dit leer die mens wat is sonde (Rom. 3:20). Die wet is nie sonde nie, maar dit leer ons wat sonde is (Rom. 7:7). Die Wet (Torah) is die aanklaer. Dit is die beste een wat daar is, want dit is die hoogste gesag in die hemel en op die aarde. Almal staan in die beskuldigingsbank, want niemand is sonder sonde nie (Rom. 3:23; 1 Joh. 1:10)

7. Torah kan egter nie sonde vergewe nie (Rom. 3:20) en kan dus nie die mens met YHWH sy Skepper versoen nie. Dit is nie die doel van Torah nie. Die mens se sondige aard is sy onvermoë om aan Torah gehoorsaam te wees. Hierdie onvermoë van die mens is die rede dat hy nie die seëninge van YHWH deelagtig kan wees nie. Oortreding van Torah ontnem ons van die seëninge wat gehoorsaamheid aan Torah vir ons inhou.
8. Die probleem is dus nie Torah nie, want Torah is heilig, goed en regverdig (Rom. 7:12). Die probleem is die mens en sy sonde toestand. Ons moet dus nie van die wet vrygemaak word nie, maar ons moet vrygemaak word van ons sonde toestand wat ons verhinder om aan Torah gehoorsaam te wees en al die seëninge van YHWH deelagtig te wees. Ons moet vrygespreek word van die aanklag wat Torah teen ons bring.
9. Die mens moes dus op 'n ander wyse geregverdig verklaar word, naamlik deur genade!!

### **Onder die Wet**

1. Die ganse mensdom staan onder die gesag van Torah. Dit is die hoogste gesag en elkeen sal daarvolgens geoordeel word. YHWH oordeel niemand nie, maar het die oordeel aan Sy seun, Yeshua gegee (Joh. 5:22). Hy is YHWH se Woord en hierdie Woord is Torah en dus word elke mens deur Torah (die wet) geoordeel. Die woord (Torah) wat Yeshua gespreek het, sal elkeen oordeel (Joh. 12:48).
2. Omrede Torah die aanklaer en vonnisoplegger is, word Torah 'n skuldias waaronder elke mens voortdurend gebuk gaan. Die ware doel van Torah, naamlik om te skep (voort te bring; *to create*), te onderhou (*sustain*) en te seën word nou 'n tugmeester wat jou aan sonde skuldig bevind. Daarom skryf Paulus *die gebod wat die lewe moes wees, dié het vir my geblyk die dood te wees* (Rom. 7:10).
3. Omrede die mens voortdurend skuldig bevind word, word hy 'n slaaf van sonde wat oor hom heers. Hierdie *oue mens* (sondige mens) volgens Rom. 6:6 is die sondige natuur wat die wet moet dien, want dit is sy enigste meester. Oortreding van Torah verdien die dood, want die loon van die sonde is die dood (Rom. 6:23). Torah het nou 'n vloek vir die mens geword – een waarvan die mens homself nie kan bevry nie. Hy het 'n Verlosser nodig om hom van die vloek van Torah los te koop (Gal. 3:13).
4. Dit is hierdie ou mens wat moet sterf sodat die mens vry is om onder 'n nuwe meester te staan. Paulus verduidelik hierdie waarheid aan die hand van die vergelyking van 'n vrou wat getroud is (Rom.7:1 tot 3). Volgens die wet (Torah) is sy aan haar man verbind solank as wat hy lewe. Slegs

wanneer hy sterf is sy vry om met 'n ander man te trou. Sou sy egter 'n ander man s'n word terwyl hy lewe, sal sy egbreek pleeg. Die betekenis hiervan is die volgende: Die man is die *oue mens*, naamlik die sondige natuur, wat moet sterwe sodat die vrou vry is om haar weer aan 'n ander man wettig te kan verband. **Let wel!** Dit is die sondige mens wat moet sterwe en nie die wet wat die bepaling gemaak het nie.

5. Alleenlik wanneer die sondige mens sterf, word die mens vry van die wet om verbind te word aan 'n nuwe meester, naamlik Yeshua Messias. Nou is die mens nie meer dienskneg van die wet nie, maar kind van YHWH. (Rom. 7:3 – *maar as die man sterwe, is sy vry van die wet, sodat sy nie 'n egbreekster is as sy 'n ander man s'n word nie*). Die mens is of onder die wet of onder die genade!
6. Om onder die wet te wees is dus om onder die mag van sonde te staan en wat weens die ou mens die sonde moet dien. Ons staan onder die wet tot ons deur geloof in Yeshua Messias die ou mens kruisig en onself as dood vir die sonde beskou. Deur geloof is ons as te ware saam met Yeshua gekruisig en het ons saam met Hom uit die dood opgestaan om in 'n nuwe lewe te kan wandel (Rom. 6:1 tot 9). Nou staan ons nie meer onder *Torah* as beskuldigdes nie, maar ons is onder die genade van YHWH as vrygespreektes.
7. *Torah* is die aanklaer – die beste een wat daar is. Genade is die aangeklaagde se advokaat – die beste wat daar is. Genade het nog nooit 'n gelowige se saak verloor nie, want die Gewer van *Torah* wat oordeel is ook die Een wat red.

### **Onder die Genade**

1. Die mens wat genade verwerp, staan steeds onder die heerskappy van *Torah* en is skuldig. Hy bly 'n dienskneg van sonde. *Torah* kla hom aan en vind hom telkens skuldig.
2. Ons geloof in die versoeningswerk van Yeshua aan die kruis plaas ons onder die sambreel van YHWH se genade. Nou kan *Torah* ons nie meer skuldig bevind nie, want ons skuldias is deur Yeshua op Hom geneem. Deur geloof beskou ons, onself as dood vir die sonde (Rom. 6:2, 6 en 11). Die sonde sal nou nie meer oor ons heers nie, want ons is nie meer onder die wet nie, maar onder die genade (Rom. 6:14).
3. God die Vader se genade, die gekruisigde Messias, spreek die mens vry van die straf wat *Torah* vereis op grond van geloof in die Een wat in sy plek die vonnis uitgedien het. Die wet oordeel en bring dood, dit kan niks anders doen nie. Die genade red en gee lewe en kan ook niks anders doen nie.

4. Wanneer ons onder die genade is, leer *Torah* ons egter steeds wat reg en wat verkeerd is (1 Tim.1:8). Ons ken YHVH se wil en onderskei die dinge waar dit op aankom, omdat ons uit die wet onderrig word (Rom. 2:18). Nou is *Torah* egter nie meer 'n vloek nie, maar 'n vreugde, want waar dit voorheen oordeel en dood gebring het, gee dit nou deur YHVH se genade redding en lewe.
5. Onder genade en versoening met YHVH deur Yeshua kan *Torah* nou weer die doel dien van voortbring (*skep, create*), van onderhou en van seën. Welgeluksalig is die mens wat sy behae in *Torah* vind. Hy sal wees soos 'n boom wat by waterstrome geplant is en wat sy vrugte gee op sy tyd. En alles wat hy doen sal hy voorspoedig uitvoer (Ps. 1:1 tot 3).
6. Ons is dus nie vry van die wet nie, want *Torah* is steeds al die onderrig en instruksies (wette) van YHVH wat die lig op ons pad en die lamp vir ons voet is. Daarom het Yeshua gesê dat Hy nie gekom om die wet te ontbind nie, maar om dit te bevestig (Matt 5:17) en ook dat nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verby sal gaan nie (Matt.5:18). Paulus bevestig dit toe hy verklaar het: *Maak ons dan die wet tot niet deur die geloof? Nee, stellig nie! Inteendeel, ons bevestig die wet* (Rom. 3:31).
7. Ons is egter wel nie **onder** die wet nie, want ons is bevry van die mag van sonde. Ons is egter ook nie **sonder** die wet van YHVH nie, maar wel **onder** die wet van Yeshua (1 Kor. 9:21). Hierdie is die liefde vir YHVH en vir medemens waaraan die hele wet en profete hang (Matt. 22:37 tot 40). Ons liefde vir Vader-God en Yeshua Messias is nou die rede hoekom ons begeer om aan *Torah* gehoorsaam te wees (Joh. 14:21, 23 en 24). Nou het ons die vryheid in die wete dat al oortree ons soms weens ons swakhede is daar vergifnis (1 Joh. 1:9), **want ons is nie onder die wet nie, maar onder die genade!**
8. Dit gaan nie meer oor wettiesheid (*wetsverering, legalism*) nie, maar oor gehoorsaamheid. Onder die nuwe verbond van genade is die hart van klip verwyder en vervang met 'n hart van vlees wat begeer om gehoorsaam te wees (Eseg. 11:19 en 20). Geloof in die versoeningswerk van Yeshua Messias lei tot 'n hartsverandering, naamlik 'n begeerte om in alles gehoorsaam te wees, want ek het YHVH met my hele hart lief.

### **Bepeins of Bespreek**

1. Dit is dus duidelik dat die wet (*Torah*) nie opgehef is nie. Nie een gebod is opgehef nie. Die tien gebooe is steeds geldig. Waarom word die shabbatsgebod dan deur die meerderheid van Christene verontagsaam?
2. Is daar vergifnis vir iemand wat doelbewus (selfs nadat hy die waarheid gehoor het) een van YHVH se gebooe oortree? Lees Heb. 10:26 en 27 in die verband.

*Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).*

Shalom tot volgende keer.  
Johan Kriel

Epos: [kontak@nuweliëd.info](mailto:kontak@nuweliëd.info)  
Webwerf: <http://www.nuweliëd.info>

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*